BILTONG BULLETIN

Uitgawe 19 - Maart 2007

Groete aan alle lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons ons adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

Verlede keer het ek mos gekla oor die tyd wat so vinnig omgaan. Een van ons lesers het 'n lekker brief gestuur met 'n verklaring hiervoor (sien onder). Stem julle saam met hom? Hoe dit ookal sy, dit is sowaar al Paasvakansie, die kinders se eerste kwartaal is verby in Suid-Afrka en hier is April reeds! Dit lyk of julle van die geskiedenishoekie gehou het, dus sluit ons weer 'n stukkie in. Lekker lees!

LEESHOEKIE

Al is ons Afrikane, weet die meeste van ons maar min van die wondere van ons kontinent. 'n Lekker boek om meer hieroor te wete te kom, is die boek ***Wonderlike Afrika***. Dit kos R195-00 en kan bestel word van **www.lapa.co.za**. Die fotografie is asemrowend en die teks eenvoudig genoeg dat die hele gesin kan saamlees.



WEBWERWE

Weer ietsie vir die kinders van 2 tot 6. Het jy ook al gewens Barney die Dinosaurus kon Afrikaans praat? Wel, daar is 'n Afrikaanse alternatief vir Barney, naamlik ***Bester Renoster***. Hy is die breinkind van Jaco Koen en Johrne van Huysteen. Ouers kan teen R69-00 per maand inteken om weekliks 'n pretpak te ontvang met aktiwiteite oor Bester en sy maats soos 'n storie, liedjie, rympie, inkleurprent, en allerlei wetenskaplike en wiskundige aktiwiteite daarin. Alles sentreer om

‘n weeklikse tema en ontwikkel die kind in sy volle menswees. Bester is ‘n positiewe karaktertjie en rolmodel wat kinders se selfbeeld stimuleer. ‘n Eerste pakket kan gratis afgelaai word van **www.inAfrikaans.com**, of skryf aan **bester@inafrikaans.com**.

AfricaNews Wire is ‘n nuwe ontwikkeling van die gratis e-posnuusbrief ***AfricaNews*** wat aan lesers die kans gee om hulle bydraes oor Afrika te publiseer. Stuur gerus jou teks, foto’s en videos aan **info@africa-news.net**.

Die Gautrein se webblad vir kinders is aangewys as een van die drie bestes in die wêreld wat openbare vervoer se beld onder kinders bevorder. Op die blad dra getekende dierekarakters (die Gauties, Swift en Slo-Mo) op ‘n leersame wyse die storie van die Gautrein oor. Die adres is **www.gautrain.co.za/kids/**.

NATUURBEWARING

- Meer voorvalle waarin olifante in die Krugerwildtuin voertuie omkeer, word moontlik veroorsaak deur die groot aantal olifante aldaar. Daar is tans sowat 14 000 olifante in die wildtuin en ulle ontwikkel stres weens dieoorbevolking. Die debat oor ‘n oplossing vir die probleem duur voort en dit lyk asof die uitdunning van die diere onafwendbaar word ...
- Ses van die vergiftigde aasvoëls waaroor ons in die vorige uitgawe berig het, is ten volle grehabiliteer en weer in die natuur vrygelaat. Hulle is na ‘n area by Krugersdorp geneem, omdat kos meer beskikbaar daar is as n die Delareyville omgewng, waar hulleoorsprnklik vandaan kom.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — MAART 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld, Pretoria News, Business Day* en *Citizen*? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur net 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@solidariteit.co.za**.
- Woolworths verkoop nou organiese koffie en tee uit Afrika. Die koffie word arbeidsintensief verbou om soveel werksgeleenthede as moontlik te skep en is gesonder weens die organiese produksieproses daarvan.
- Onderwysers in Gauteng is vies omdat die vakaturelys van poste in die provinsie weer eens laat is. Onderwyspersoneel vind dit dus moeilik om poste te vul of te weet waar hulle om poste kan aansoek doen.
- Al meer fietsryers word op openbare paaie raakgery – etlikes is vanjaar reeds noodlottig beseer. Fietsry is ‘n groeiende sportsoort in Suid-Afrika en maniere word ondersoek om die ryers te beveilig.
- Die Christelike rockgroep *Tree63* bereik al meer sukses in die buiteland. Hulle konserte verkoop vinnig in die VSA, VK en elders uit. Hulle het selfs ‘n huis in Nashville gekoop omdat hulle ‘n groot deel van die jaar daar deurbring. Hulle jongste album, *Tree63 Worship Volume 1*, is pas heruitgereik in Suid-Afrika. Hulle wil plaaslik betrokke raak by die bou van huise vir dakloses.

- Die bou- en nywerheidsbedryf groei plaaslik so vinnig dat Suid-Afrikaanse plantasies nie in die plaaslike behoefte aan hout kan voorsien nie. Hout sal voortaan dus op groot skaal ingevoer moet word.
- Akteur John Kani is tans in Londen in 2 produksies te sien – *Nothing but the truth* (sy debuutstuk as verhoogskrywer) en *Sizwe Banzi is dead*. Hy kry groot lof vir sy spel en pennevrug.
- In Maart 2007 het sakevertroue tot sy laagste vlak in 2 jaar gedaal in Suid-Afrika. Die somber nuus het saamgeval met 'n daling van 2,3% op die JSE se algemene indeks. Die verlies aan vertroue word onder meer toegeskryf aan die rentekoersverhogings in die afgelope maande en die swakker rand. Daar word egter verwag dat die ekonomie hom sal herskik om by die veranderde toestande aan te pas.
- 'n Onlangse studie het aangetoon dat Suid-Afrikaners, ryk en arm, baie vrygewig is. 'n Studie getiteld *A nation of givers? Social giving amongst South Africans* deur David Evratt en Geetesh Solanki het bevind dat 54% van die respondente geld gee vir liefdadigheid, 31% kos of goedere, en dat 17% vrywillig diens by liefdadigheidsorganisasies doen. Die geldbydraes bedra sowat R930-miljoen per maand!
- Steve Hofmeyr het dit duidelik gstel dat 'n e-pos waarin hy sogenaamd vra dat die koerant *Beeld* en susterskoerante van Naspers geboikot word, NIE van hom afkomstig is nie. Hy beskou die misbruik van sy naam op die e-pos as uiters oneties. Dit is maar een voorbeeld van vals gerugte wat die afgelope tyd per e-pos in Suid-Afrika versprei word en mense noop om e-pos meer versigtig te lees en aan te stuur. Terloops, Steve is tans besig met die verfilming van tonele vir die sepie *7de Laan*.
- Al meer Suid-Afrikaners ry sonder nommerplate rond om verkeersboetes te probeer vermy. In Gauteng word daar nou baie streng teen diegene opgetree, met 'n boete van R200 vir oortreders. Hulle nommerplate moet ook deur die SABS goedgekeur wees en kan nie kleiner syfers gebruik as wat die SABS se standaarde bepaal nie.
- Die tradisionele reg in verband met koninklike opvolging in Suid-Afrikaanse stamme is skerp onder die soeklig omdat dit dikwels teen geslagte diskrimineer. Hoofregter Pius Langa het toegestem dat 'n saak van die Valoyi-stam in Limpopo na die konstitusionele hof verwys mag word om te bepaal of die koning se dogter hom mag opvolg. Die oorlede koning het nie seuns gehad nie en nou wil beide sy dogter en sy broer se seun hom opvolg. Die betoog word op 7 Mei 2007 aangehoor en dit kan 'n waterskeidingsaak in tradisionele reg word.
- Die Appèlhof het bevind dat die verandering van die naam van die dorp Louis Trichardt na Makhado onregmatig was en dat dit voortaan weer as Louis Trichardt moet bekendstaan. Die hofsaak was die einde van 'n lang hofstryd waarin inwoners van die dorp beswaar gemaak het oor die feit dat daar nie na behore met hulle gekonsulteer is oor die verandering van die dorp se naam nie. Die hof het beslis dat die minister van Kuns en Kultuur, Pallo Jordan, en die voorsitter van die Geografise Nameraad vir alle regskostes verantwoordelik is.
- Gaskoeldrankproduksie word weer (soos in Desember 2006) vertraag deur 'n tekort aan koolstofdioksied in Suid-Afrika. Slegs 45% van die nodige gas kan tans deur die produsent gelewer word en die produsente van gaskoeldrank oorweeg nou om hulle eie aanlegte vir die produksie van die gas te bou. Minder gewilde koeldranke soos Fanta Free, Iron Brew, Stoney en Lemon Twist sal na verwagting 'n ruk lank nie beskikbaar wees nie.
- Toeristesafaris word vir die Johannesburgse middestad beplan! Die eksperimentele Cascoland-projek behels dat toeriste in die Johannesburgse middestad in tente op die dak van die voormalige weermagkaserne uitkamp. Hulle onderneem dan ook 'n staptog deur die buurt saam met gidse. Dit kos R25-00 per persoon per nag en het die potensiaal om werk vir talle armes in die middestad te skep.
- Daar word verwag dat Suid-Afrikaanse voedselpryse skerp gaan styg weens die droogte, die verpolitisering van die landbousektor en hoër brandstofpryse. Dit voorspel ook niks goed dat jongmense al minder in landbou as beroep belangstel nie.
- Eerste huiskopers gaan dit al moeiliker vind om die eiendomsmark te betree. In Februarie 2007 is 'n nominale huisprysgroei van 15,4% op 'n jaargrondslag behaal en huisvesting word steeds duurder. Intreemarkbehuising is dus ver bo die vuurmaakplek van die meeste eerste kopers.

- Wie weet wie SATMA is? Dit is die South African Tissue Manufacturers Association. Hulle en die SABS sorg dat Suid-Afrikaanse sneespapierprodukte aan standaarde beantwoord, soos dat toiletrolle 'n minimum van 500 velletjies moet hê en 'n sekere gehalte papier en karton moet gebruik. Die onwettige toiletpapiermark – dit wil sê die verkoop van papier wat nie aan hierdie standaarde beantwoord nie – groei jaarliks in Suid-Afrika met 10% en voor julle lag, dit bedra sowat R300-miljoen per jaar.
- Dr Hansgeorg Niefer, voorsitter van DaimerChrysler SA, het gewaarsku dat indien Suid-Afrika nie oplossings vir die plaaslike misdaadkrisis vind nie, ons kan verwag dat buitelandse investering hier tot 0 kan daal.
- Idil Sheard het pas die bekroonde werk *The road to Mecca* van Athol Fugard in Afrikaans vertaal. Dit staan bekend as *Met kerslig na Mekka* en handel oor die kunstenares Helen Martins van Nieu-Bethesda.
- Die Suid-Afrikaanse lewensversekeringsbedryf het besluit om alle MIV/Vigs uitsluitingsklousules in sy polisse te skrap.
- Die parlement se nuwe simbool, 'n protea en trom, is in Maart 2007 bekendgestel. Dit vervang die simbool uit die vorige bedeling.
- Strande aan die KZN-kus is vir minstens 4 weke gesluit nadat 'n buitengewone springgety groot stormskade daar aangerig het.
- Bouwerk het amptelik aan die De Hoopdam begin. Die projek sal sowat R8-miljard bedra.

UIT DIE ARGIEWE ...

Tertius Bartmann skryf meer aan ons oor Suidkusname:

Geographical names of the South Coast of KwaZulu-Natal reflect an interesting history and interaction between various cultures over a long period. Several historical incidents or legends can also be associated to these resorts and villages on the coastal area. Obviously many names originated from the Zulu tradition, but others do have a European connection or association. In his publication on place names, *A Dictionary of Southern African Place Names*, Peter Raper, South African expert on geographical names, reveals the origin of nearly 4 000 names of Southern African cities, villages, mountains, valleys and rivers. Paging through this indispensable guide, on is in particular fascinated by the origins of some of the geographical names of the South Coast of KwaZulu-Natal.

According to Peter Raper the coastal resort Marina Beach is said to have been named after Princess Marina, the Duchess of Kent, in the 1930's. Founded in 1924, the village at Port Edward was named after the then Prince of Wales who later became King Edward VII. Established in 1867, the town of Port Shepstone was named after Sir Theophilus Shepstone (1817-1893) who was Administrator of Zululand from 1884 and who played a major role in provincial affairs from 1856. Margate, established in 1941, was named after the seaside resort in England. Ramsgate most probably took its name from the borough on the North Sea, north of Dover, in Kent, in England. Hibberdene, north of Port Shepstone, was named after a former Posmaster-General of Natal, C Maxwell-Hibberd.

The name Marburg, a settlement near Port Shepstone, reflects an interesting European connection. Norwegian settlers, who helped to develop the harbour facilities at Port Shepstone, established a settlement in 1882. According to Raper it was probably named after a city north of Frankfurt in Germany.

According to Raper, the name Uvongo refers to the Zulu *ivungo* and the verb *vungazela*, which means "the place of a low, rumbling sound". We all know the familiar site of the waterfall in the Vungu River near the popular Uvongo beach. Umtentweni, just north of Port Shepstone, takes its name from the "river that flows smoothly" and "river where pointed grass grows". The Zulu name

Mpenjathi is a river entering the sea between Palm Beach and Trafalgar and means “place where buffaloes fight”. Raper also reveals that the name of Zulu origin, the Mthamvuna River, is said to mean “reaper of mouthfuls” (referring to damage caused when in flood), or “river of reapers”, or “easy harvest” (referring to the fertility of the area). These names clearly reflect the influence of nature and the wild life and experiences of the inhabitants of this area.

Paging through some older title deeds of local properties, it was surprising to find that, for, instance, properties in Marina Beach, are located in the County of Alfred. Enquiring into this matter, it was established that on 1 January 1866 Great Britain had annexed the area between the Bashee and the Umzimkulu rivers. The area between the Umzimkulu and the Umtamvuna Rivers were incorporated into Natal as Alfred County. This was done to prevent the possible extension of the then Boer Republics in the interior of Southern Africa to the coast. A cairn to indicate the exact position of the proceedings was erected at a site in the Harding district. The place was also called Salute Hill due to the royal salute of 21 gun shots fired to conclude the annexation. A magistrate was appointed to manage the new territorial acquisition and it was named Alfredia (later Alfred County) after Prince Alfred, the second son of Queen Victoria. He visited Natal in 1860. Alfred County included the districts of Mount Currie, Umzimkulu, Ixopo, Port Shepstone and Bizana. Prince Alfred’s Hamlet near Ceres and Port Alfred and the Alfred Dock in Cape Town were also named after this popular royal personality.

The abovementioned are but a few examples portraying the cultural and natural heritage of the South Coast, which is primarily known for its popular holiday resorts and destinations. Tragedy Hill (at Port Edward), Ivy Beach, Banners Rest, Southbroom, Oribi, Izingolweni, Old Pont, Marburg, Wild Coast – names such as these reveal yet another fascinating but not well-known heritage of historical events, legends, stories of tragedies and endurance, and pioneers in a foreign environment.

Bronne

PE Raper: *Dictionary of Southern African Place Names*. Johannesburg, 1989.
BPJ Erasmus: *Op pad in Suid-Afrika*. Jeppestown, 1995 (English version: On route in South Africa).
Southern Explorer. The exploration guide to the treasures of the South Coast. 2005 Edition.
JJ Oberholster: *Die historiese monumente van Suid-Afrika*. Kaapstad, 1972 (p. 237)
WJ De Kock & DW Kruger: *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*. Kaapstad, 1986 (p. 8).

[*Dankie Tertius!*]

WELSYN

Die Helpende Hand Fonds is die maatskaplike hulpaksie van Solidariteit. Die fonds se taak is om uit te reik na mense in nood, hulle te help om weer op te staan en hulle op 'n pad van herstel te begelei. Die Helpende Hand is nie 'n welsynfonds nie, maar 'n weldaadfonds. Dit beteken dat die fonds ten eerste probeer om mense te help om hulleself te help deur byvoorbeeld jongmense met opleidingshulp te bemagtig om vir hulleself te sorg. Die fonds help onder meer ook welsynsorganisasies om fondse te ontwikkel en hulle vlakke van professionele dienslewering te verhoog.

Wat is die fonds se fokusareas? Vanweë die feit dat die behoeftes aan hulp baie groot is, het die fonds tans verskeie fokusareas, waaronder:
Voedings-, kledings-, en behuisingsprojekte;
Bystand aan kinderhuise, ouetehuise, tehuise vir gestremdes en ander diensorganisasies;
Gemeenskapsontwikkeling en –bemagtiging.

Helpende Hand Fonds word elke dag genader deur persone met die behoefte dat die fonds 'n voedingsprojek moet begin, beurse aan hulle kinders gee of ander maatskaplike projekte moet steun. Hiervoor het die Helpende Hand Fonds egter genoeg geld nodig sodat daar oor die langtermyn volhoubare fondse vir projekte op 'n groter skaal beskikbaar kan wees. Elke bydrae wat gemaak word het die potensiaal om 'n persoon in nood se lewensomstandighede te verbeter. Indien u 'n donasie aan Solidariteit se Helpende Hand Fonds wil maak, kan u dit by die volgende bankrekening inbetaal:

Bank: ABSA Rekeningnommer: 09082262243
Taknommer: 632005 (Centurion)

U kan ons kontak via **www.solidariteit.co.za** en op die "Helpende Hand"-skakel te klik. Baie dankie aan almal wat reeds die Helpende Hand Fonds steun!

RESEP VAN DIE MAAND

Gemmerbrood

250	ml	olie	3		eiers
250	ml	gouestroop	250	ml	louwarm water
5	ml	koeksoda opgelos in 60 ml louwarm water	750	ml	koekmeelblom
2	ml	sout	5	ml	bakpoeier
15	ml	fyn gemmer	10	ml	gemengde speserye
250	ml	suiker			

Metode:

1. Verhit die oond tot 180^{o}C en smeer twee broodpannetjies met margarien.
2. Klits die olie, eiers, gouestroop en water saam in 'n mengbak tot goed gemeng.
3. Sif die droë bestanddele by en voeg dan die suiker by.
4. Klits tot goed gemeng, sowat 5 minute. Giet in voorbereide panne.
5. Bak sowat 45 minute lank of totdat 'n mespunt skoon uit die middel van die brood kom.
6. Keer op 'n draadrak uit. Laat heeltemal afkoel en bedien met botter.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

Vir inligting oor goedkoper vlugte tussen Australasië en Suid-Afrika kan ***Delia en Evert van Dijk*** steeds by **evertvandyk@worldonline.co.za** of 0027-12-3445748 gekontak word. Hulle is nou reeds besig om reëlings te tref vir Desember/Januarie 2008. Daar is tans ook afslag geleenthede om vanaf Johannesburg via Mauritius na Perth te vlieg**.**

****

Ons hoor dikwels van mense wat ongelukkig oorsee is. **Frances** vertel meer oor die ander kant van die storie: *Ons is al 5 jaar in New Zealand en het nog nooit teruggekyk nie. My man en kinders is doodgelukkig en veilig moet ek by sê. Julle maak die stelling van lewenskostes wat soveel duurder is as in SA. Dit is 'n groot veralgemening wat baie onwaar is. Inteendeel is my familie nou beter af as in SA. Ons het ons eie huis, huidiglik 4 voertuie, spaargeld in die bank en geniet die buitelewe terdeë. Vang gereeld vis, jag en gaan op uitstappies die wêreld vol, meer as*

wat ons in SA gedoen het. Ons is NZ burgers en baie trots daarop. As jy soos 'n tweedeklas burger voel is dit jou eie skuld omdat jy nie betrokke raak by die werk en gemeenskap nie. Dit kan in SA ook met jou gebeur as jy soos 'n kluisenaar jou elke dag toegrendel teen die geweld. Ons is nog elke keer met ope arms verwelkom, by die kerk, sportklubs en skole. Inteendeel, daar word nie neergekyk op my kinders omdat hul pa en ma nie dokters of prokureurs is nie. As hul goed presteer is dit omdat hulle die nodige belangstelling en entosiame toon. Vir die oormaat aan burokrasie en kontrole waaraan 'n mens nie in Suid-Afrika gewoond is nie se ek nonsense. As jy hier 'n problem het tel jy die foon op en jy bel. Hulp is net 'n oproep ver en baie minder 'red tape' as in SA. My arme skoonouers het 3 maande gewag net vir geboortesertifikaat, hier word dit oornag uitgereik. Selfde ding met paspoorte. Ek moes 8 weke wag vir my SA paspoort en my Kiwi paspoort is 5 dae nadat ek dit gepos het (gewone pos) weer afgelewer op my drumpel. Ek stry nie, daar is negatiewe dinge soos in enige land, maar die postiewe is soveel meer as die negatiewe. NZ is soos die SA van ouds wat ek as kind kan onthou met al die wonderlike elektronika as 'n bonus. As enige iemand my sou vrae is NZ beter as SA is my antwoord 'n volborstige "JA! Dis my nuwe tuiste en ek kom nie terug nie." Kiwi groete - Frances

****

Van 'n **leser** in Ierland oor die tyd wat vlieg: *Ek sit weer gisteraand en hou my seuntjie dop terwyl ons almal, met die uitsondering van my oudste, om die tafel sit en eet. Sy ontwikkeling op die ouderdom is absoluut verbysterend, dis asof hy weet hy moet groot word en plek maak vir 'n nuwe baba. Wat ook al sy redes en motiverings is, hy dring daarop aan om melk uit 'n beker te drink soos Ouboet en met bietjies op 'n slag, so omtrent 'n mondvol pak ons die proses aan en hoe meer hy dit doen hoe meer wil hy dit doen. Wat vir my persoonlik die treffendste is, is die ongelooflike proses van outomatisasie en "autotuning" wat besig is om plaas te vind. Ek spandeer seker nou al die grootste deel van my lewe daaraan om masjiene en stelsels te bou wat allerhande prosesse outomaties hanteer en ek probeer om 'n mate van intelligensie en outomatiese "tuning" in die prosesse in te bou, so glo my ek het waardering vir sulke prosesse. As ek egter na hierdie klein masjientjies kyk wat binne 'n paar minute die proses van die beker oplig na sy mond en hom net teen die regte hoek "tilt" (wat is nou 'n behoorlike afrikaanse woord vir "tilt") en op die regte tyd die vloei afsny en sluk. Die leerproses is pragtig want aan die begin is daar meer melk oor die kaal pens wat in die doek inloop as in die mond en terwyl ek die proses dophou besef ek wat 'n absolute wonderlike ingenieur God is. Ons aanvaar soveel van die daaglikse motoriese aksies wat ons daagliks uitvoer as vanselfsprekend. Dis vir my die die mees ongelooflike observasie om dop te hou hoe die outjie smarties uit die boksie uithaal met sy een vingertjie en nog meer fassinerend om hom te sien Smarties optel van die tafel. Hy begin om sy indeksvinger uit te steek en dan die afstand te meet deer aan die smartie te raak met die indeksvinger. Sodra hy daaraan raak kom die duimpie uit en dan maak hy die gaping toe en as hy seker is dat hy dit het gaan dit reguit mond toe. Daai absolute konsentrasie en amper robotiese manier van doen wys jou net hoeveel dinkwerk gaan vir hom is so proses is. Ons vas en los en skryf en doen wat ons ook al elke dag doen sonder om daaraan te dink hoe ons brein al die prosesse nou al heeltemal onder die knieg sonder dat ons eers twee keer daaroor nadink. Kyk maar na jouself as daar skielik iets onverwags in 'n verkeerssituasie gebeur, veral as jy nou al 'n dekade of twee/drie agter die stuur deurgebring het. My gedagtegang bring my toe by die grafiek wat ek toe vanoggend kom plot om te sien hoe dit nou rerig lyk. Die grafiek wys die % toename in lewensondervinding op die linkerkantste as geplot teenoor die verloop van jare op die onderste as. Die grafiek gaan vir my meer oor die gevoel wat mens het dat tyd al hoe vinniger verbygaan. Toe ek die kinders so sit en dophou kom die gedagte by my op dat jare vir my as kind na 'n ewigheid gevoel het en self my hoërskool jare het lank gevoel maar na matriek se kant het dinge vir my begin spoed optel en dit raak net al hoe vinniger. As mens nou net na die eeste 20 jaar van jou lewe kyk, kan jy nou sien hoekom dit so was want die gevoel van tyd of relatiewe tyd is 'n funksie van jou totale lewensondervinding, hoe ouer 'n mens word hoe meer totale ondervinding het jy en hoe minder impak het 'n enkele jaar op jou totale lewensondervinding en dit laat die jaar relatief kort voel. Die afplatting begin stabiliseer rondom 16/17 jaar maar tyd sal altyd "korter" word hoe ouer mens word. Die nuwe kennis was vir my amper soos om nuwe tegnologie te ondek. Dink net daaraan, Dis dalk hoekom die Bybel sê dat 1000 jaar vir God soos*

'n dag is en 'n dag soos 1000 jaar. Hy is van reeds voor die skepping daar so dink net hoe lyk sy grafiek.
Groete uit Dublin!

****

Johan Olivier stuur weer groete uit Kanada – en 'n lieflike foto! Hy skryf: *Lanklaas van my laat hoor - gaan goed hier in Kanada.Dankie vir die Pretoria skildery - dis besonders.Ek kyk so na die Mongolië fotos en voel ek stuur sommer een aan van die sonsopkoms hier voor my huis in die winter. Ons is darem aanpasbare wesens! Paasgroete uit Kanada!*

Ook met ons seënwense vir die Paastyd!

Alana & kollegas
AfriForum
[www.komhuistoe.co.za / alana@solidariteit.co.za]